Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v/c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26°16.643′ E28°07.972′
(T): 011 907 9013/4 (F): 011 9071038

12 April 2019
Geagte Ouers / Voogde

OMSENDSKRYWE 8 (2019)

1. WINTERSDRAG

Soos ons beleid bepaal, is dit verpligtend vir leerders om wintersdrag vanaf 2 Mei tot 31 Augustus te dra. Wintersdrag beteken die volgende:

- Seuns dra langbroek, trui / oortrektrui ("pullover"), 'n skooldas en 'n baadjie.
- By 'n rok, dra dogters swart lang kouse, langmouhemp, baadjie en 'n skooldas.
- Met 'n langbroek dra dogters 'n langmouhemp, trui / oortrektrui, skooldas en baadjie.
- **'n Langmoutrui mag NOOIT sonder 'n baadjie gedra word nie.**

2. WISKUNDETOETS

Ons herinner u daaraan dat al die leerders op 18 April Wiskunde skryf. U kind moet die vraestel skryf, want dit is deel van die SBA.

3. NWU-PUKKE PRESTIGE SPORTREEKS SEMI-FINALE

Die semi-finaal vind op 26 en 27 April plaas en die finaal op 30 April en 1 Mei. Neem asseblief kennis dat 30 April nie 'n skoolvakansiedag is nie. Die uitslae van al die spanne – A en B – word in ag geneem vir die plekke in hierdie reeks. Ons vra u dus om te verseker dat u kind sal deelneem, aangesien elke span se uitslag belangrik is. Ons wens al ons spanne sterkte toe.

4. GEDRAGSKODE VIR OUERS EN ONDERSTEUNERS

ALGEMENE BELEID

Die deelname aan skoolsport is primêr opvoedkundig van aard.

DOEL VAN SKOOLSPORT

Om deelname aan te moedig en om leerders toe te rus met sportmanskap, selfdissipline, selfbeheersing en deursettingsvermoë.

VEREENSELWIGING MET MARAIS VILJOEN

- Ouers en toeskouers moet hulself as verteenwoordigers van die skool sien wanneer hul wedstryde bywoon of hul kinders ondersteun.
- U word aangemoedig om die span waarin u kind speel te ondersteun, asook soveel as moontlik van die ander skoolspanne.

GEDRAG TYDENS WEDSTRYDE

- Positiewe ondersteuning word op prys gestel.
- Ouers en ondersteuners word versoek om hulle te weerhou van negatiewe opmerkings of ongehoorde taalgebruik teenoor skeidsregters, ander beamptes, spelers of ondersteuners van die opposisie.
- Ouers en ondersteuners word versoek om die nodige afstand vanaf die kantlyne te handhaaf en nie binne die speelveld of afgemerkte areas te gaan nie. Tydens krieketwedstryde moet toeskouers nie agter die bouler se rug sit of beweeg nie. Tydens hokkiewedstryde moet toeskouers nie teen die doelhok sit of agter die doellyn beweeg nie.
- Ouers en ondersteuners word versoek om nie op en af langs die veld te stap terwyl ‘n wedstryd aan die gang is nie.
- Ouers en toeskouers word versoek om, waar van toepassing, nie binne die tegniese area te kom nie.
- Ouers en ondersteuners word versoek om hulle te hou by die reëls wat vir elke wedstryd of toernooi van toepassing is.
- Ouers en ondersteuners moet die nodige verdraagsaamheid en respek teenoor medetoeskouers en opposisie betoon.
- Ouers en ondersteuners moet so optree dat hulle altyd die skool se beeld na buite sal uitdra en niks doen wat dit skade kan aandoen nie.

BESERINGS

Ouers en toeskouers word versoek om nie op die veld te gaan wanneer ‘n speler ‘n besering opdoen nie. Indien die afrigter / bestuurder of noodhulppersoneel dit nodig ag, sal die betrokke ouers nader geroep word.

SPANKEUSE

U word versoek om nie in te meng met die afrigter se spankeuse nie. Wenke wat met die regte gesindheid bedoel word, kan wel op die regte tydstip aan afrigters oorgedra word.

KOMMUNIKASIEKANALE

Ouers en ondersteuners kan enige navrae of probleme met die sporthoof of skoolhoof opneem. Probleme kan ook met die betrokke persoon bespreek word, maar nie langs die veld nie.

ONS VERSOEK DAT DAAR BY DIE GEDRAGSKODE GEHOU WORD, SODAT SPELERS EN TOESKOUERS HUL SPORT KAN GENIET.

Neem asseblief kennis dat alle leerders wat van skoolvervoer gebruik maak, by die skool op die bus moet klim en weer by die skool gehaal moet word. Geen leerder sal op pad op- of afgelaai word nie.

5. GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

INLEIDING

Die doel van hierdie dokument is om vir elkeen sy regte en verantwoordelikhede met betrekking tot skoolsportdeelname uit te lig.

Elkeen word verbind tot:

- Integriteit
- Die ontwikkeling van die sport waarvan jy deel is
- Sportmanskap en positiewe gesindheid
- Verantwoordelikheid teenoor jou spanlede, ouers, afrigters en borge

REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Elkeen het die reg om sport in ‘n veilige en behoorlik gestruktureerde omgewing te geniet.

- Daar moet te alle tye by die voorgeskrewe ouderdomsgroepe gehou word om spelers teen beserings en die invloed van ouer leerders te beskerm.
- Die hoogste vorm van sportmanskap moet te alle tye gehandhaaf word.
- Die korrekte kleredrag en toerusting is baie belangrik.
- Spelers moet hul eie besittings en die skool se toerusting met die nodige respek behandel en in stand hou (oppas).
- Spelers moet verantwoordelikheid vir hul optrede aanvaar en hulle by die reëls vir elke sportsoort hou.

Elkeen het die reg om beleefd behandel te word en die verantwoordelikheid om dit waardig te wees.

- Spelers moet hulle verbind tot hoflikheid en verantwoordelikheid wat die waardes en standaarde van Marais Viljoen sal uitdra.
- Onberispelike gedrag en taalgebruik word te alle tye verwag.
- Geen medespeler, beampte, opposisie of toeskouer mag beledig word nie.
- Elkeen moet verdraagsaamheid en respek, teenoor lede van die teenoorgestelde geslag of ander taal- en kultuurgroepe, betoon.
- Elkeen moet sorg dat hy/sy oor die nodige kennis van die reëls en die interpretasie daarvan beskik.
- Lewenswaardes soos probleemoplossing, durf, waagmoed, respek, trots en nederigheid moet aangekweek word.

Reëls en dissipline met betrekking tot wedstryde waaraan Marais Viljoen deelneem of self aanbied.

- Spelers is onderhewig aan die neergelegde reëls van die skool van die oomblik af wat hulle hul huise verlaat totdat hulle daarheen terugkeer.
- Daar word van spelers verwag om altyd ‘n goeie voorbeeld te stel.
- Spelers moet altyd die korrekte neergelegde sportdrag tydens byeenkomste, waar dit vereis word, aanhê.
- Leerders moet voor en na wedstryde hul skooluniforms aanhê.
- Spelers moet altyd die sport na die beste van hul vermoë en met die nodige sportmanskap beoefen.
- Spelers moet altyd die beslissing van skeidsregters met die nodige respek aanvaar.
- Spelers moet altyd deur hul optrede en voorkoms goeie beelddraers van Marais Viljoen wees.

6. VAKVERANDERINGE

Graad 11-leerders mag slegs 1 vak verander. Die sluitingsdatum is egter 18 April 2019. Graad 10-leerders mag 2 vakke verander tot aan die einde van die tweede kwartaal. Na hierdie keerdatums mag daar geen verdure veranderinge plaasvind nie.

7. RUGBYVELD FLIEKAAND

Op 27 April hou ons ‘n fliekaand op ‘n groot skerm op die rugbyveld ten bate van Hospice vir kanker. Ondersteun asseblief hierdie uitreikaksie. Ons sal later meer inligting deurgee.

8. EERLIKE LEERDERS

Nicola de Gouveia, Themba Hlongwa, Shannon Russell, Zante Beyers, Tarquin Nel, Kagiso Melamo, Neo Rakwena en Katleho Mqiba het selfone en geld opgetel en ingehandig. Baie dankie!

9. PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag 15 April	Hulpklasse : Gr 8 – 12 Tennis: Albertonliga – C/D-spanne Gholf: A-Liga Revue oefening	14:15 – 15:15 18:00 – 21:00	
Dinsdag 16 April	Wiskunde ekstra hulpklasse Hokkie: Meisies vs Oosterlig Seuns vs Kemptonpark Revue oefening	14:15 – 16:00 18:00 - 21:00	 Weg
Woensdag 17 April	Graad 12 8ste periode (K1) Skaak: Liga Hokkie: Meisies vs Oosterlig Netbal vs Kemptonpark Revue oefening	14:15 – 15:00 18:00 – 21:00	 Weg Weg
Donderdag 18 April	TOETS: Wiskunde Wiskunde ekstra hulpklasse Hokkie: Seuns vs Edenglen	 14:15 – 16:00	
Vrydag 19 April	Goeie Vrydag		

Vriendelike groete

MARTIE HEYSTEK
SKOOLHOOF

LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING